# 24. TEOLOGIESE SKOOL EN OPLEIDING
# 24. THEOLOGICAL SCHOOL AND TRAINING

## 24.1 RAPPORT 1 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – ALGEMENE SAKE (Artt 78, 79, 90, 92, 243)

## 24.1 REPORT 1 – CURATORS THEOLOGICAL SCHOOL POTCHEFSTROOM – GENERAL MATTERS (Arts 78, 79, 90, 92, 243)

A. Dr DG Breed stel die Rapport.
Dr DG Breed tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **1. Matters that the Synod take note of** |
| 1.1 *Opdrag* | 1.1 *Mandate* |
| 1.1.1 Algemene opdrag aan die Kuratore<br>Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom behartig die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente *(Prospektus van die Teologiese Skool van die GKSA Potchefstroom 2014:Hoofstuk 3), (vgl Acta 2006:793 en Bylae D)*. | 1.1.1 General mandate to the Curators<br>The Curatorium of the Theological School Potchefstroom supervises and oversees the service of training, performed by the professors of the Theological School Potchefstroom (TSP), as well as the supervision of the theological students *(Prospectus of the Theological School of the GKSA Potchefstroom, 2014:Chapter 3) (cf. Acta 2006:793; Appendix D)*. |
| 1.1.2 Spesifieke opdragte van Sinode 2015 aan die Kuratore<br>Die spesifieke opdragte aan die Kuratore en die hantering van besluite wat die Kuratore moes uitvoer, is in afsonderlike Rapporte opgeneem. | 1.1.2 Specific instructions of Synod 2015 to the Curators<br>The specific instructions to the Curators and the execution of the decisions by the Curators are detailed in other Reports. |
| 1.2 *Die Kuratorium: Algemene sake wat hanteer is* | 1.2 *The Curatorium: General matters addressed* |
| 1.2.1 Aanbeveling vir nominasie van 'n gemeenskapsleier as lid van die Raad van die NWU<br>Volgens die Statuut van die NWU wat tot Maart 2017 geldig was, is vier gemeenskapsleiers genomineer as lede die Raad van die NWU volgens 'n oop nominasieproses. Die Uitgebreide Bestuurskomitee (UBK) van die Potchefstroom-kampus beoordeel die nominasies. Die Kampusrektor van die NWU het die Kuratore se advies gevra tov 'n nominasie vir die | 1.2.1 Recommendation for the nomination of a community leader as member of the Council of the NWU<br>According to the Statute of the NWU, valid until March 2017, four community leaders have been nominated as members of the Council of the NWU in an open nomination process. The Expanded Executive Committee (EEC) of the Potchefstroom campus judges the nominations. The campus Rector of the NWU consulted with the Curators over a nomination for the next term and |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | volgende termyn en dr SJ van der Walt is by die Dekaan aanbeveel vir nominering as lid van die NWU Raad. | | dr SJ van der Walt has been recommended to the dean for nomination as member of the NWU Council. |
| 1.2.2 | <u>Wysiging van Kandidaatstudieprogram</u><br>Die implementering van die gewysigde Kandidaatstudieprogram waarvan Algemene Sinode 2012 alreeds kennis geneem het, sal na verwagting in 2018 plaasvind. | 1.2.2 | <u>Amendment of the candidate study programme</u><br>The amended candidate study programme, which General Synod 2012 already took note of, is expected to be implemented in 2018. |
| 1.2.3 | <u>Buitengewone toekenning van Kandidaatsertifikaat kragtens KO, art 9</u><br>Die Kandidaatsertifikaat is sedert Januarie 2015 aan die volgende broeders toegeken, nadat die Kuratorium hom daarvan vergewis het dat die broeders aan die vereistes van die Kandidaatsertifikaat voldoen: IH Scholtz – Junie 2015; RM Britz – November 2015; R Janse van Rensburg – April 2016.<br>Verdere aansoeke is van agt kandidate ontvang waarvan vier onttrek het of afgekeur is, en vier tans volgens die voorskrifte van die TSP Senaat en Kuratore besig is met sekere akademiese werk en preekmaakoefening met die oog op die verwerwing van die Kandidaatsertifikaat. | 1.2.3 | <u>Extraordinary award of candidate certificate in terms of CO, art 9</u><br>The candidate certificate has been awarded to the following brothers, since January 2015, once the Curatorium had confirmed that the brothers fulfilled the requirements of the candidate certificate: IH Scholtz – June 2015; RM Britz – November 2015; R Janse van Rensburg – April 2016.<br>Another eight applications have been received, four of which withdrew or were rejected and four are at present completing certain academic work and sermon development exercises, in accordance with the stipulations of the TSP Senate and Curators, in pursuance of the candidate certificate. |
| 1.2.4 | <u>Nuwe Direkte Bybelvertaling</u><br>Die Kuratore het in Junie 2004 kennis geneem van die besluit van die Bybelgenootskap om voort te gaan met 'n nuwe brontaalgerigte vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die Kuratorium het hom bereid verklaar om professore van die TSP vir sodanige vertaalprojek beskikbaar te stel binne die raamwerk wat deur die BGSA voorgestel word.<br>Die vertaling deur die boekspanne is voor Algemene Sinode 2015 afgehandel. Die professore wat in hierdie verslagtydperk betrokke is by die Ou Testament en Nuwe Testament Redaksiekommissies wat met hersiening- en afrondingswerk besig is, is emeritus proff GJC Jordaan en HF van Rooy. Die Nuwe Testament Redaksiekommissie se werk is in Maart 2017 afgehandel. Die werk van die Ou Testament Redaksiekommissie gaan nog voort.<br>Emeritus proff GJC Jordaan en HF van Rooy is aangewys op die Bege- | 1.2.4 | <u>New Direct Bible Translation (DBT)</u><br>The Curators were advised in June 2004 of the intention of the Bible Society to proceed with a new source-language direct translation of the Bible in Afrikaans. The Curatorium indicated its willingness to make professors of the TSP available for such a translation project, within the BGSA's proposed framework.<br>The translation by the book teams was finalised before General Synod 2015. The professors serving on the Old Testament and New Testament Editing Commissions, during this reporting period, completing the revision and final editing, were retired profs GJC Jordaan and HF van Rooy. The New Testament Editing Commission's work was completed in March 2017, while that of the Old Testament Editing Commission continues.<br>Retired profs GJC Jordaan and HF van Rooy have been appointed to the |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | leidingskomitee van die BDV, ‘n komitee wat deur die Bybelgenootskap aangewys is om algemene sake tov die vertaling te behartig. Die Begeleidingskomitee sal by publikasie van die BDV waarskynlik ontbind. | | Support Committee of the DBT, a committee tasked by the Bible Society to tend to general matters related to the translation. The Support Committee will most probably be disbanded upon publication of the DBT. |
| 1.2.5 | <u>Kuratore Program-evaluering (KPE)</u><br>Die Kuratore se verantwoordelikheid is onder meer om toesig te hou oor die kwaliteit, regsinnigheid en toereikendheid van die Kandidaats-program. Baie fasette van die kwaliteitsversekering en –kontrole behartig die Kuratore saam met die Fakulteit Teologie van die NWU, binne die Interne en Eksterne Program-evalueringsprosesse (die IPE- en EPE-prosesse).<br>Die regsinnigheids- en toereikendheidskontrole van die Kandidaatsprogram kan egter nie binne die IPE- en EPE-prosesse hanteer word nie. Dit is dus nodig dat die Kuratore ‘n proses vir regsinnigheids- en toereikendheidsversekering en kontrole volg, naamlik KPE. Dit word in elke siklus van die Kuratorium gedoen tov jaarvlakke en vakgroepe. | 1.2.5 | <u>Curators’ Programme Evaluation (CPE)</u><br>The Curators’ responsibilities *inter alia* include review of the quality, legality and adequacy of the candidate programme. Many of the facets inherent to such quality control and assurance are undertaken in cooperation with the Faculty of Theology of the NWU, as part of the Internal and External Programme Evaluation Processes (the IPE and EPE processes).<br><br>Review of the orthodoxy and adequacy of the candidate programme can, however, not be undertaken as part of the IPE and EPE processes, which necessitates the Curators to conduct independent legal and adequacy assurance and control, namely CPE. This occurs in every Curatorium cycle in terms of year levels and subject groups. |
| 1.2.6 | <u>Samewerkingsooreenkoms tussen TSP en die Theologische Universiteit van de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Kampen, Nederland</u><br>Ná onderhandelinge en wedersydse besoeke, is daar op 24 November 2016 ‘n ooreenkoms gesluit tussen die Teologiese Skool van die GKSA en die *Theologische Universiteit van de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Kampen, Nederland*. Die ooreenkoms staan bekend as ‘n memorandum van verstandhouding tov institusionele samewerking.<br>Die doel van die samewerkingooreenkoms tussen die twee instellings van hoër teologiese opleiding, is die samewerking in spesifieke gebiede van hul aktiwiteite, tot eer en in diens van God, deur die bevordering van Gereformeerde geleerdheid en tot die akademiese en geestelike voordeel van die kerke verbonde aan hierdie instellings en die wêreldwye Gereformeerde gemeenskap (uittreksel uit aanhef van die ooreenkoms). | 1.2.6 | <u>Cooperation agreement between the TSP and the Theologische Universiteit van de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Kampen, the Netherlands</u><br>After negotiations and mutual visits, the TSP of the GKSA and the *Theologische Universiteit van de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Kampen, the Netherlands* entered into an agreement on 24 November 2016. This agreement is in the form of a memorandum of understanding to facilitate institutional cooperation.<br><br>The aim of the agreement between the two institutions of higher theological training relates to cooperation in specific areas of their activities, to the glory and in service to God, for the promotion of Reformed education and to the academic and spiritual benefit of the churches affiliated to these institutions as well as the global Reformed community (excerpt from the preamble of the agreement). |

| | |
|---|---|
| 1.3 *Die Breë Kuratorium*<br>Die Breë Kuratorium (vgl Acta 1991:503, 506, 507; Acta 1994:650) is verantwoordelik vir die verkiesing en beroeping van professore en oefen die tug oor professore uit ooreenkomstig KO, artt 79-80 (vgl Acta 1991:733; 1994:465). Die Breë Kuratore is in die verslagtyd twee keer opgeroep vir die beroeping van professore. | 1.3 *The Broad Curatorium*<br>The Broad Curatorium (cf. Acta 1991:503, 506, 507; Acta 1994:650) is responsible for the election and calling of professors and also takes disciplinary action against professors, in accordance to CO, arts 79-80 (cf. Acta 1991:733; 1994:465). The Broad Curatorium was tasked with calling professors twice during this reporting period. |
| 1.3.1 <u>Bevestiging van prof H Goede</u><br>Tydens 'n beroepingsvergadering op 18 November 2015 is dr H Goede beroep as professor in Nuwe Testament. Sy bevestiging in die amp het op 30 Januarie 2016 plaasgevind. | 1.3.1 <u>Ordination of prof H Goede</u><br>During a calling meeting on 18 November 2015, Dr. H. Goede was called as professor of the New Testament. His ordination into the office occurred on 30 January 2016. |
| 1.3.2 <u>Bevestiging van prof AJ Coetsee</u><br>Tydens 'n beroepingsvergadering op 16 November 2016 is dr AJ Coetsee beroep as professor in Ou Testament. Sy bevestiging in die amp het op 14 Januarie 2017 plaasgevind. | 1.3.2 <u>Ordination of prof AJ Coetsee</u><br>During a calling meeting on 16 November 2016, Dr. A.J. Coetsee was called as professor of the Old Testament. His ordination into the office occurred on 14 January 2017. |
| 1.4 *Die Senaat TSP* | 1.4 *The Senate TSP* |
| 1.4.1 <u>Rektoraat</u><br>Prof G Breed is as Rektor van die Teologiese Skool aangewys vanaf 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2018. Prof FP Viljoen is verkies as Viserektor Akademiese Sake en prof HG Stoker as Viserektor Studentesake. | 1.4.1 <u>Rectorate</u><br>Prof G Breed was appointed as Rector of the Theological School from 1 January 2016 to 31 December 2018. Prof FP Viljoen was appointed as Vice-rector Academic Affairs and prof HG Stoker as Vice-rector Student Affairs. |
| 1.4.2 <u>Doserende personeel</u> | 1.4.2 <u>Lecturers</u> |
| 1.4.2.1 <u>Publikasies, konferensies en seminare</u><br>Kyk Bylae A. | 1.4.2.1 <u>Publications, conferences and seminars</u><br>See Appendix A. |
| 1.4.2.2 <u>Vakatures</u><br>Daar bestaan tans (April 2017) geen vakatures by die Teologiese Skool nie. | 1.4.2.2 <u>Vacancies</u><br>There are no vacancies at present (April 2017) at the TSP. |
| 1.4.2.3 <u>Prof PH Fick: Studentedekaan aan die Potchefstroom-kampus van die NWU</u><br>Prof PH Fick is deur die NWU genader om benoem te word as Studentedekaan vir 'n termyn van ses jaar vanaf 1 Januarie 2012 tot 31 Desember 2017. Sy voortgesette betrokkenheid by die TSP vir die duur van die onderbreking van sy dienswerk as professor aan die TSP ingevolge KO, art 14 behels sy betrokkenheid as Senaatslid, navorsing in sy vakgebied en studieleiding van M- en D-studente by | 1.4.2.3 <u>Prof PH Fick: Student Dean at the Potchefstroom campus of the NWU</u><br>Prof PH Fick was approached by the NWU for appointment as Student Dean for a term of six years, from 1 January 2012 to 31 December 2017. His continued involvement with the TSP during the suspension of his duties as professor at the TSP, as per CO, art 14, entails serving on the Senate, research within his subject field and guidance to MA and PhD students in Church and Dogma History as well as leading the |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Kerk- en Dogmageskiedenis, en leiding neem met die reëlings en afhandeling van die Kerkgeskiedenistoer van studente van die TSP. Hy het ook van 2015 tot 2017 die module KDGE877 vir finalejaarstudente aangebied. | | arrangements and completion of the Church history tour of TSP students. He also presented the KDGE877-module to final-year students from 2015 to 2017. |
| 1.4.2.4 | Prof PH Fick: Direkteur: Studentelewe van die Potchefstroomkampus van die NWU<br>Met die herstrukturering van die NWU het die pos van Studentedekaan verval en is prof Fick aangestel as Direkteur: Studentelewe tot by sy emeritering aan die einde van 2020. Die Kuratore het by sy vergadering van Junie 2017 goedgekeur dat prof PH Fick as Direkteur Studentelewe by die NWU betrokke bly. | 1.4.2.4 | Prof PH Fick: Director: Student Life of the Potchefstroom campus of the NWU<br>With the restructuring of the NWU the position of Dean of Students has lapsed and prof Fick has been appointed as Direktor: Student Life until he will retire at the end of 2020. At the meeting of the Curators in Junie 2017 the Curators approved prof PH Fick’s continued involvement at the NWU as Director Student Life. |
| 1.4.2.5 | Prof RS Letšosa: Vise-Rektor Onderrigleer aan die Potchefstroom-kampus van die NWU<br>Prof RS Letšosa is met die ondersteuning van die Senaat en Kuratore in Augustus 2013 aangestel in die pos van Viserektor Onderrigleer. In die lig van sy taak en roeping as bedienaar van die Woord (besonderlik teologiese professor), het die Kuratore ‘n ordelike weg gevind (KO, art 14) waarvolgens prof Letšosa in die pos kon staan sonder die neerlegging van sy amp. Hy het steeds met navorsing in sy vakgebied en die begeleiding van M- en D-studente besig gebly en is as Senaatslid by die TSP betrokke. | 1.4.2.5 | Prof RS Letšosa: Vice-rector Teaching-learning at the Potchefstroom campus of the NWU<br>Prof RS Letšosa was appointed to the position of Vice-rector Teaching-Learning in August 2013 with the support of the Senate and Curators. In view of his task and calling as minister of the Word (specifically as theological professor) the Curators found an orderly way (CO, art 14) for prof Letšosa to take up his position without relinquishing his office as minister of the Word. He was still involved in research within his subject field and with guidance of MA and PhD students and is still involved with the TSP as member of the Senate. |
| 1.4.2.6 | Prof RS Letšosa: Waarnemende Dekaan van Fakulteit Teologie van die NWU<br>Met die herstrukturering van die NWU het die pos van Viserektor: Onderrigleer verval en is prof Letšosa vanaf 1 Julie 2017 aangestel as waarnemende Dekaan van Fakulteit Teologie tot Desember 2017, wanneer die pos gevul sal word deur oop advertensie en benoeming. | 1.4.2.6 | Prof RS Letšosa: Acting Dean of Faculty of Theology of the NWU<br><br>With the restructuring of the NWU the position of Vice-rector: Teaching and learning has lapsed and prof Letšosa has been appointed as Acting Dean of the Faculty of Theology until December 2017, when the position will be advertised and filled by open advertising and appointing. |
| 1.4.2.7 | Prof JJ Janse van Rensburg: Waarnemende Vise-Rektor Navorsing en Beplanning van die Potchefstroom- | 1.4.2.7 | Prof JJ Janse van Rensburg: Acting Vice-rector Research and Planning at the Potchefstroom campus of the |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | <u>kampus van die NWU</u><br>Die Kuratore het in Januarie 2015 ‘n spoedeisende versoek van die Rektor van die Potchefstroom-kampus van die NWU gekry, vir die benoeming van prof JJ Janse van Rensburg as waarnemende Vise-Rektor Navorsing en Beplanning vanaf 1 Februarie 2015 tot 31 Desember 2015, met die moontlikheid dat die tydperk verleng kan word. Vanweë die verhouding tussen die NWU en die GKSA is die versoek toegestaan. Prof JJ Janse van Rensburg het sy status as predikant behou en kon voortgaan met fasette van sy werk as teologiese professor, waaronder sy navorsing asook die begeleiding van M- en D-studente. Hy sou ook op ad hoc basis by onderrigleer betrokke kon wees. | | <u>NWU</u><br>The Curators received an urgent request in January 2015 from the Rector of the Potchefstroom campus of the NWU for the appointing of prof JJ Janse van Rensburg as acting Vice-rector Research and Planning, from 1 February 2015 to 31 December 2015, with the possible extension of the term. Given the relationship between the NWU and the GKSA, the request was granted. Prof JJ Janse van Rensburg retained his clerical office, while continuing with aspects of his work as theological professor that included his research as well as the guidance of MA and PhD students. He would also be involved in teaching-learning on an ad hoc basis. |
| 1.4.2.8 | <u>Prof JJ Janse van Rensburg: Waarnemende Kampusrektor van die Potchefstroom-kampus van die NWU</u><br>Op 17 November 2015 het die Kuratore op versoek van die NWU en prof JJ Janse van Rensburg sy besluit van Januarie 2015 verleng en is prof JJ Janse van Rensburg vanaf 1 Januarie 2016 as waarnemende Kampusrektor van die Potchefstroom-kampus van die NWU aangewys. | 1.4.2.8 | <u>Prof JJ Janse van Rensburg: Acting Campus Rector of the Potchefstroom campus of the NWU</u><br>Upon the request of the NWU and prof JJ Janse van Rensburg, the Curators extended their decision of January 2015 on 17 November 2015 and so prof JJ Janse van Rensburg was appointed as acting Rector of the Potchefstroom campus of the NWU. |
| 1.4.2.9 | <u>Emeritaat van prof GJC Jordaan</u><br>Prof GJC Jordaan het aan die einde van 2016 emeriteer na 28 jaar diens aan die Teologiese Skool. | 1.4.2.9 | <u>Retirement of prof GJC Jordaan</u><br>Prof GJC Jordaan retired at the end of 2016 after 28 years of service at the TSP. |
| 1.4.2.10 | <u>Emeritaat van prof PP Krüger</u><br>Prof PP Krüger het aan die einde van 2016 emeriteer na 16 jaar en 9 maande diens aan die Teologiese Skool. | 1.4.2.10 | <u>Retirement of prof PP Krüger</u><br>Prof PP Krüger retired at the end of 2016 after years and 9 months of service at the TSP. |
| 1.4.2.11 | <u>Emeritaat van prof JJ Janse van Rensburg</u><br>Prof JJ Janse van Rensburg het aan die einde van 2016 emeriteer na 33 jaar en 6 maande diens aan die Teologiese Skool. | 1.4.2.11 | <u>Retirement of prof JJ Janse van Rensburg</u><br>Prof JJ Janse van Rensburg retired at the end of 2016 after 33 years and 6 months of service at the TSP. |
| 1.4.2.12 | <u>Prof FW de Wet oorlede</u><br>Prof FW de Wet, in lewe professor in Praktiese Teologie en Direkteur Navorsing van Fakulteit Teologie, is op 19 Januarie 2016 in ‘n motor- | 1.4.2.12 | <u>Passing away of prof FW de Wet</u><br>Prof FW de Wet, in life professor of Practical Theology and Director Research of the Faculty of Theology, passed away in a motor |

| | |
|---|---|
| ongeluk oorlede. | vehicle accident on 19 January 2016. |
| 1.4.3 <u>Internasionale akademici deur die Senaat ontvang</u><br>Prof Rob van Houwelingen het as gas van prof FP Viljoen, die TSP in die eerste semester van 2015 besoek. Hy is van die *Theologische Universiteit van de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Kampen.*<br>Dr MC (Michael) Mulder het die Fakulteit Teologie en TSP van 4-11 April 2016 besoek. Dr Mulder is dosent en navorser verbonde aan die *Teologische Universiteit Apeldoorn* (TUA), en spesialiseer in *Judaïca*. Tydens sy verblyf het hy lesings aangebied vir senior kandidaatstudente. | 1.4.3 <u>International academics hosted by the Senate</u><br>Prof Rob van Houwelingen of the *Theologische Universiteit van de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Kampen* visited the TSP the first semester of 2015, as guest of prof FP Viljoen.<br>Dr MC (Michael) Mulder visited the Faculty of Theology and TSP from 4-11 April 2016. Dr Mulder is a lecturer and researcher at the *Teologische Universiteit Apeldoorn* (TUA), specialising in *Judaïca*. He presented lecturers to senior candidate students during his stay. |
| 1.5 *Ander Personeel by die TSP* | 1.5 *Other personnel at the TSP* |
| 1.5.1 <u>Administratiewe personeel</u><br>Die volgende administratiewe personeel is tans in diens van die TSP. Daar word aangedui van watter instansie die betrokke persoon 'n personeellid is en watter persentasie van die personeellid se vergoeding deur die GKSA betaal word. | 1.5.1 <u>Administrative personnel</u><br>The following administrative personnel are at present in the service of the TSP. An indication is given of the institution at which the individual is employed and the percentage of remuneration that is contributed by the GKSA. |
| <u>Registrateur TSP</u>: Mev A du Toit (Personeellid van die Administratiewe Buro. 100% GKSA). | <u>Registrar TSP</u>: Mrs A du Toit (staff member of the Administrative Bureau: 100% GKSA). |
| <u>Bestuursassistent van die Skool vir Predikantsopleiding</u>: Mev N Bothma (Personeellid van die NWU. 100% GKSA). | <u>Management Assistant of the School for Minister Training</u>: Mrs N Bothma (staff member of the NWU: 100% GKSA). |
| <u>Bestuursassistent van die Rektor en Rektoraat TSP</u>: Mev S van der Westhuizen het die pos vanaf 5 Januarie 2015 tot 31 Maart 2015 beklee. Sy is opgevolg deur dr S. Steyn. Dr Steyn die pos van April 2015 tot 12 Mei 2017 beklee. Sy is opgevolg deur mev T Harmse (Personeellid van die Administratiewe Buro. 100% GKSA). | <u>Management Assistant of the Rector and Rectorate TSP</u>: Mrs S van der Westhuizen filled the position from 5 January 2015 to 31 March 2015. She was replaced by Dr. S. Steyn, who filled the position from April 2015 to 12 May 2017 and succeeded by Mrs. T. Harmse (staff member of the Administrative Bureau: 100% GKSA). |
| <u>Bestuursassistent van die Dekaan: Finansies en Personeel</u>: Mev E Brazer (Personeellid van die NWU. 20% GKSA). | <u>Management Assistant of the Dean: Finances and Personnel</u>: Mrs E Brazer (staff member of the NWU: 20% GKSA). |
| 1.5.2 <u>Personeel by Jan Lion-Cachet Biblioteek</u><br>Jan Lion-Cachet Biblioteek (Personeellede van Ferdinand Postma Biblioteek, NWU):<br><u>Bibliotekaris</u>: Mev HE Lombard (67% | 1.5.2 <u>Personnel at Jan Lion-Cachet Library</u><br>Jan Lion-Cachet Library (staff members of the Ferdinand Postma Library, NWU):<br><u>Librarian</u>: Mrs HE Lombard (67% |

| | |
|---|---|
| GKSA).<br>Biblioteekassistent (permanente NWU-halfdagpos vanaf Januarie 2014): Mev B Bradley (100% NWU).<br>Senior administratiewe biblioteek-assistent (voldagpos vanaf April 2016): Mnr S Vos. | GKSA).<br>Library Assistant (permanent NWU half-day position from January 2014): Mrs B Bradley (100% NWU).<br>Senior Administrative Library Assistant (full-time position from April 2016): Mr S Vos. |
| 1.6 *Studente* | 1.6 *Students* |
| 1.6.1 Afgestudeerde studente<br>Die volgende studente het sedert Sinode 2015 die Kandidaatstudie voltooi:<br>September 2015: GP Meijer.<br>November 2015: GM Boersema, J Cronje, DJ Malan, KV Mohotsi, JL Sefadi, BA van der Walt, Z van't Zand, B Zulu.<br>Februarie 2016: FG Lee.<br>Junie 2016: W Brotherton.<br>Oktober 2016: HP Schutte.<br>November 2016: J Dunn, JG Ehlers, M Floor, PJ Hattingh, P Mushayabasa, PF Venter, E Vogt.<br>April 2017: JN Hibbert.<br>Die name van studente wat in November 2017 die Kandidaatsertifikaat ontvang, sal in die Aanvullende Agenda opgeneem word.<br>Die Kuratore het gedurende die verslagtydperk aan die volgende broeders toestemming verleen om voltyds verder te studeer voordat hulle aanmeld vir eksaminering deur 'n Streeksinode: Br DJ Malan, DJ Maritz, P Maritz, J van Schaik en CJ Lemmer. | 1.6.1 Graduates<br>The following students have completed their candidate studies since Synod 2015:<br>September 2015: GP Meijer.<br>November 2015: GM Boersema, J Cronje, DJ Malan, KV Mohotsi, JL Sefadi, BA van der Walt, Z van't Zand, B Zulu.<br>February 2016: FG Lee.<br>June 2016: W Brotherton.<br>October 2016: HP Schutte.<br>November 2016: J Dunn, JG Ehlers, M Floor, PJ Hattingh, P Mushayabasa, PF Venter, E Vogt.<br>April 2017: JN Hibbert.<br>The names of students who will receive the Candidate Certificate in November 2017 will be listed in the Additional Agenda.<br>The Curators gave permission, during the reporting period, to the following brothers to continue full-time studies before reporting for examination by a Regional Synod: Brs DJ Malan, DJ Maritz, P Maritz, J van Schaik and CJ Lemmer. |
| 1.6.2 Kandidaat 1 tot 6 studente<br>Die getal Kandidaatstudente in 2017 is soos volg:<br>Kandidaat 1: 10<br>Kandidaat 2: 10<br>Kandidaat 3: 10<br>Kandidaat 1-3 afstandstudente deur middel van *Docenda*: 15<br>Kandidaat 4: 6<br>Kandidaat 5: 5<br>Kandidaat 6: 12 | 1.6.2 Candidate 1 to 6 students<br>The breakdown of candidate students of 2017 is as follows:<br>Candidate 1: 10<br>Candidate 2: 10<br>Candidate 3: 10<br>Candidate 1-3 *Docenda* distance-learning students: 15<br>Candidate 4: 6<br>Candidate 5: 5<br>Candidate 6: 12 |
| 1.6.3 Staking van studies<br>2015: FW de Wet, WPJ Pretorius, JJ Venter, JF du Plooij.<br>2016: GT van Dyk, MNH Malan, TJ van Vuuren, SJ Steenkamp (*Docenda*), TA Coetzee (*Docenda*), VE Nedambale (*Docenda*). | 1.6.3 Ended studies<br>2015: FW de Wet, WPJ Pretorius, JJ Venter and JF du Plooij.<br>2016: GT van Dyk, MNH Malan, TJ van Vuuren, SJ Steenkamp (*Docenda*), TA Coetzee (*Docenda*) and VE Nedambale (*Docenda*). |

| | |
|---|---|
| 2017: L Aucamp.<br>1.6.4 <u>Dissiplinêre sake</u><br>Daar was geen dissiplinêre sake in die verslagtydperk hanteer nie.<br>1.6.5 <u>Terminering van studie</u><br>Die Kuratore het in die verslagtydperk die studie van enkele studente termineer weens verskillende redes.<br>**Besluit: Punte 1.1 tot 1.6.5 kennis geneem.** | 2017: L Aucamp.<br>1.6.4 <u>Disciplinary cases</u><br>There were no disciplinary cases during the reporting period.<br>1.6.5 <u>Termination of studies</u><br>The Curators terminated the studies of a few students, for different reasons, during the reporting period.<br>**Decision: Points 1.1 to 1.6.5 noted.** |

D. **AANVULLENDE RAPPORT / SUPPLEMENTARY REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **1. Matters that the Synod take note of** |
| 1.1 *Doserende personeel*<br>Emeritusprofessor JJ Janse van Rensburg is met die goedkeuring van die Kuratore aangestel as waarnemende Adjunk Visie-kanselier: Bedryf van die Potchefstroomkampus tot 31 Desember 2018. Sy aanstelling as Adjunkhoof van die NWU en dus as lid van die Raad en die Uitvoerende Komitee van die Raad, is verleng word tot 30 Junie 2018. | 1.1 *Lecturing staff*<br>With the approval of the Curators retired prof JJ Janse van Rensburg was appointed as acting Deputy Vice-Chancellor: Operations of the Potchefstroom Campus until 31 December 2018. His appointment as Deputy Principal of the NWU and thus as a member of the Council and the Executive Committee of the Council, has been extended until 30 June 2018. |
| 1.2 *Administratiewe Personeel*<br>Assistent van die Rektor en rektoraat: Mev T Harmse het verhuis en die pos het dus weer vakant geraak.<br>Met die herstrukturering van die NWU het verskeie poste ander benamings en ander funksies gekry.<br>Mev Nardine Botha is nou vir 65% van haar werk 'n voorgraadse administrateur in die Fakulteit ten opsigte van SALA (*Student Academic Life Cycle Administration*) en 35% werksaam in die Skool vir Christelike Bediening en Leierskap, waar 5% van haar werk toegedeel is as assistent van die Skooldirekteur, prof G Breed.<br>Mev Esmé Brazer is nou die Fakulteit Rekenmeester. | 1.2 *Administrative Staff*<br>Assistant to the Rector and Rectorate: Mrs T Harmse moved away and the post became vacant again.<br>With the restructuring of the NWU, various posts received other names and other functions.<br>65% of Mrs Nardine Botha's post is now undergraduate administrator in the Faculty regarding SALA (*Student Academic Life Cycle Administration*) and 35% in the School of Christian Ministry and Leadership, where 5% of her work is allocated to Assistant of the School Director, prof G Breed.<br>Mrs Esmé Brazer is now the Faculty Accountant. |
| 1.3 *Studente*<br>1.3.1 <u>Afgestudeerde studente</u><br>Die volgende studente het in November 2017 die Kandidaatstudie voltooi: Broeders SA de Villiers, JAG Henning, JC Lemmer, PJ Maritz, LD Myburgh, JPL van Jaarsveld en J Van Schaik.<br>1.3.2 <u>Studente wat voltyds verder studeer</u><br>Studente PJ Maritz, JC Lemmer en J van Schaik het toestemming van die | 1.3 *Students*<br>1.3.1 <u>Graduated students</u><br>The following students completed the Candidate Study in November 2017: Brothers SA de Villiers, JAG Henning, JC Lemmer, PJ Maritz, LD Myburgh, JPL van Jaarsveld and J Van Schaik.<br>1.3.2 <u>Students who study further on a full-time basis</u><br>Students PJ Maritz, JC Lemmer and J van Schaik received permission from |

| | |
|---|---|
| Kuratore ontvang om in 2018 een jaar voltyds verder te studeer. | the Curators to study one year full-time in 2018. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.3.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.3.2 noted.** |

E. **Waarderingswoord aan die Registrateur TSP**

Die voorsitter, dr DG Breed, spreek 'n waarderingswoord tot die Registrateur van die TSP, mev A du Toit, waarna die vergadering haar die seënbede, Psalm 134:4 toesing.

**Word of appreciation directed to the Registrar of the TSP**

The chairman, dr DG Breed, speaks a word of appreciation to the Registrar of the TSP, mrs A du Toit, after which the meeting pray over her the blessing of Psalm 134:4.

F. Ds HJP de Beer dra die Kuratore, asook die konstituering van die Kuratore in gebed op aan die Hemelse Vader.

Rev HJP de Beer intercedes for the Curators in prayer, as well as asking the Heavenly Father to guide the constituting of the Curators.